# ISRAEL EN DIE KERK 5

En vanaand wil ons hulle in die tuisland sit. Mag die Here seën. Nou, vanmôre het ons vrae en antwoorde gehad. Goeiste, ons het 'n klomp van hulle gehad. Ek het begin, gelyk soos nege-uur, en verdaag teen twee-dertig, ek het nog 'n sak vol. Allerhande soorte. Maar miskien kan ons hierdie week by hulle uitkom. Daar lê nog steeds meer hierbo, wat ek nog nie eers gesien het nie, ons sal so gou as wat ons kan by hulle uitkom. Hoop Broer Tom bly volgende week by ons. En so, ons het baie predikers hierrond, as een van ons hees raak, spring ons net na die volgende een toe. So ons . . .

2 Hierdie is my eerste keer om 'n herlewing van hierdie soort te hou vir sewe jaar. Sewe jaar gelede, hierdie volgende week, het ek my laaste herlewing hier by die tabernakel gehou. Dit was genesingsdienste gewees. Ek sal erken ons het groter skares en dinge gehad, tot 'n honderdduisend, maar ek het nog nooit 'n beter tyd gehad nie. Ek het net 'n lekker tyd gehad.

3 Gisteraand het ek net gekwyl soos 'n perd wat klawer gevreet het, Broer Wright, het 'n wonderlike tyd gehad! Die Here het ons geseën.

4 Hy het ons vandag geseën totdat ons net amper die huis afgebreek het. Dit klink soos outydse kampdiens: "die huis afbreek," nie waar nie? Maar ons het 'n lekker tyd gehad. Die Here het ons geseën. Ons glo Hy sal vanaand. 'n Paar kardinale vrae wat ons vanmôre bespreek het, party van hulle oor diep Bybelonderwerpe.

5 Nou, hierdie volgende Vrydag sal 'n—'n kruisiging Boodskap wees, hierdie volgende Vrydagaand, as die Here wil, ons sal Hom na die kruis toe neem, Hom sien gekruisig word, Hom in die graf sit en Hom daar hou vir Saterdagaand; maar Sondagoggend, met die Paassonsopkomsdiens, sal ons Hom probeer uitbring, julle wys hoe Hy bewys wat Hy is.

6 Sou baie goed wees, net daarna, as die Here ons 'n groot genesingsdiens laat hou het, sou dit nie? Sou gaaf wees. Miskien die hoërskoolgimnasium of iets kry, en net nog 'n paar duisend mense indruk, en 'n groot genesingsdiens hou, dit in die koerant sit en op die radio's, ensovoorts. Daar is gewoonlik 'n paar duisend mense wanneer ons genesingsdienste hou. Dis my roeping, bid vir die siekes. Het so 'n wonderlike ondervinding gehad in daardie rye!

7 En ek glo die Here maak nou gereed, die rede waarom Hy my ingebring het uit die veld en my neergesit het, ek glo dis Sy herdenking, sewe jaar, Hy gaan nog 'n trappie opgaan, 'n bietjie

verder aangaan. "Wanneer die vyand inkom soos 'n vloed," het Hy gesê: "sal Ek 'n standaard daarteen oprig."

Vanaand, wil ek lees vir ons teks, of, vir 'n Skrif.

8 En nou het ons net nou 'n doopdiens. Ek sal nie vanaand te lank praat nie. Ek het dit elke aand gesê, julle dan omtrent twee-en-'n-half uur gegee, om daar te sit, gestraf. Maar ek—ek kan dit nie vanaand doen nie, want ek het verskeie om te doop.

9 En Paasoggend, net na sonsopkomsdiens, sal hier ook waterdoop in die tabernakel wees, Paasoggenddoop.

10 Hulle sal vanaand doop. Ons is "baptiste," sover dit die doop betref. Ons moet net Skriftuurlik wees, dis al. Nie presies Baptiste nie; maar Skrif, ons glo in doop deur onderdompeling. En, nou, as jy dit nie so glo nie, is dit steeds in orde. Maar ons glo dit, in waterdoop, deur onderdompeling.

11 Nou hier's 'n Skrif wat ek was. . . Dit het vir jare en jare na my toe gekom, vir die laaste vier jaar. Sonder uitsondering, ek die Bybel sou optel, sou Dit na hierdie hoofstuk blaai. En dis, ek het dit nie geweet tot net 'n rukkie gelede nie, het reg tot by die afsluiting van hierdie Boodskap vanaand gewerk.

12 Volgende week mag ons teruggaan in Génesis of iewers. Ons weet nie waarheen ons nog gaan vir hierdie volgende week nie, soos die Here lei. Maar vanaand. . .

13 Toe ek siek was hier 'n tyd gelede, ek was nie siek, ek was net gedaan; ek het net ure gebly, ek het in die gebedsrye gestaan, vir agt dae en nagte sonder om weg te gaan, sonder om die platvorm te verlaat. My maaltye geëet, en geslaap, op die platvorm. En ek het gesê: "Ek gaan vir almal bid, as ek moontlik kan." En toe ek vertrek het, was daar agt-en-twintigduisend mense in die stad om voor gebid te word, agt-en-twintigduisend. Wel, dis die koerantberig. Hulle was almal daar, toe die koerant gesê het hulle was daar, *Jonesboro Sun*. Nou toe hierdie. . .

14 ['n Broer sê: "Hulle praat nog steeds, van daardie diens onder in Arkansas, Broer Bill. Oral waar ek was, daaronder, praat hulle: 'die Branham byeenkoms in Jonesboro.'"—Red.] Ons het 'n wonderlike tyd gehad. Dis waar blindes, dowes, stommes, kreupeles, en al die res, genees is. Van daar af om die wêreld versprei. ["Ek het hulle ontmoet. Hulle is nog steeds genees daaronder, Broer Branham, van daardie veldtog af."] Dis wonderlik. Julle kan dit hoor, kan julle nie? O, ja. God lap nie dinge nie. Hy genees dit. Dis reg. Hy maak dit gesond. Nou ek wil graag teruggaan soontoe en nog een hou. Dit sou net wees. . . ["Amen. Hulle sal bly wees om jou te hê, hulle kom van oral van daardie heuwels en leegtes af."]

15 Ons het 'n diens gekanselleer oorkant in Memphis nou die dag, waar ons die Kerk van Christus gehad het, of, nie 'n kerk nie, of, die Jeug Vir Christus sou die—die groot Gedenk Ouditorium

in Memphis borg. En die Heilige Gees het gesê: "Kom huis toe," so hier is ek. Ek weet nie.

16 Hy het Filippus in 'n baie groot herlewing gehad eenkeer. Vir hom gesê om uit te gaan na die woestyn en vir een man te preek, hy het soontoe gegaan. Dis reg. Het die herlewing verlaat, reg in die hitte daarvan. Dis reg. Dis presies. Ons moet net doen wat God sê om te doen.

Nou, dis Josua, die 1ste hoofstuk.

17 In die visioen om Indië toe te gaan. Nou, julle ken almal die storie, toe ek teruggekom het van Afrika af, het ek een oggend langs die bed gesit. Daardie visioene. . .

18 Hoeveel was al ooit in een van my genesingsveldtogte? Laat ons julle hande sien. Sekerlik. Julle sien hoe dit visioene wys. Hoeveel was hier toe ek net 'n—'n aand se genesingsdiens hier gehou het? Onthou julle die keer? Dit was volgepak daarbuite op die werf, en dit het gereën en aangegaan. 'n Meisie het hier in 'n rolstoel aangerol gekom, was besig om te verkalk van haar middel af ondertoe, verlam, daar gesit vir jare. Die Heilige Gees het haar alles vertel van wat sy gedoen het en wat sy nie gedoen het nie.

Sy het gesê: "As God my sal genees, sal ek dit doen."

Ek het gesê: "Staan op, in die Naam van die Here Jesus." En daar het sy gegaan, uitgestap uit die gebou, net soos normaal. Sien? Sien?

Dis die ding wat uitvind wat die probleem is. Jy moet die oorsaak vind voor jy die geneesmiddel kan vind, altyd.

19 So ons wil nie begin met genesing nie, want, nou, jy *Glo Net,* begin speel, sal ons 'n gebedsry vorm. Maar nou wil ons 'n bietjie hier praat.

20 En nou om julle klaar te vertel van hierdie visioen. Ek het dit voor my sien oopgaan. En 'n Man het na my toe gekom, hy het 'n paar velle papier gehad. En hy het daardie velle gevat, hy het gesê: "Insoverre dat jy gedink het aan wat jou toekoms sou wees," en hy het hulle gegooi soos *daardie*, en hulle het reguit opgegaan in die hemele. Ek het dit uitgeskryf hier in die Bybel. Net soos wat oorkant in die hoeksteen lê, en wat sou plaasvind in die laaste dae; en almal weet wat dit was, dit was net presies die Woord. Dit sal net so wees. Hy het gesê: "Jou toekoms is helder." En hy het gesê: "Soos jy gedink het aan daardie probleem wat jy gehad het, sal dit alles weggaan. Jy sal dit nie meer hê nie." Toe het hy gesê: "Nog 'n ding," gesê: "jy het gewonder hoe om jou dienste te hou."

21 Almal het altyd vir my gesê, Oral Roberts sou vir vyfhonderd bid terwyl ek vir twee gebid het. Maar ek is nie Oral Roberts nie. God het vir my 'n bediening gegee; vir Oral een gegee. Wat ook al Oral doen, hy laat hulle net deurgaan en lê hande op hulle soos

daardie. Dis hoe God vir hom gesê het om dit te doen. Ek moet staan en die ding deurkyk.

22 Julle moet dophou, vriende. Dis 'n gevaarlike ding. Onthou, wat as God 'n vloek op 'n persoon geplaas het vir 'n sekere doel, om iets te doen, dan hier kom die profeet verby en haal daardie vloek van die persoon af, en hulle het dit nog nie gedoen nie? Dan is jy in die moeilikheid by God.

23 Kyk na Moses, ons karakter waarvan ons vanaand praat. God het vir hom gesê: "Gaan soontoe en praat met die Rots," hy het gegaan en die Rots geslaan. Maar God het met Moses gewerk.

24 Kyk na Elisa, daardie jong profeet, jong kêrel het bleskop geword. Klein kindertjies het vir hom begin lag, gesê: "Kaalkop, hoekom het jy nie opgegaan nie?" En daardie kwaai profeet het omgedraai en daardie kindertjies vervloek, in die Naam van die Here. En twee wyfiebere het twee-en-veertig onskuldige kindertjies doodgemaak. Nou, jy kan nie sê dis die geaardheid van die Heilige Gees nie. Maar dit was 'n kwaai profeet. Sekerlik. Jy moet versigtig wees.

25 Kyk na Johannes, eenkeer, het gesê: "Sal ons vuur uit die Hemel roep en hulle verbrand?"

Jesus het gesê: "Jy weet nie watter soort gees jy is nie."

26 Sien, moet versigtig wees, versigtig en stadig beweeg, kyk wat die Heilige Gees sê om te doen.

27 'n Jong dame het na die huis toe gekom hier nie lank gelede nie. Is soveel keer voor gebid dat sy vyftig keer gesalf is, dink ek. Hoedat alles gebeur het. Ek het daar vir haar gebid. Maar het gaan sit in die kamer een oggend toe die Engel van die Here nadergekom het, hy het met haar begin praat en vir haar vertel net wat sy gedoen het, en iets wat sy in haar siel gehou het, sy daar gehad het vir agt lang jare. Sy wou niemand vertel nie. Die sielkundige kon dit nie uit haar uittrek nie. En sy het amper flou geword. Op die vloer geval en begin huil. En ek het gesê: "Gaan maak jy dit reg, en God sal jou genees." Dis reg. Sy het gegaan en haar man gekry en die ding reggemaak, en weer teruggekom. Sy is vandag genees. Hoeveel weet van wie ek praat, in die gebou? Baie van julle weet, sekerlik. Ek dink, as ek dit nie mis het nie, kan die vrou dalk nou hier sit. Dit was 'n groot verleentheid, maar God het die werk gedoen.

28 Nou, sien, al die gebede, al die voete stamp, al die uitdryf van die bose geeste, sy het sonde ver onder in haar hart gedra, dat sy niemand wou vertel wat sy gedoen het nie, maar die Heilige Gees het die geheim van haar hart openbaar. Sy het gegaan en dit reggemaak, toe was sy skoon. God sal nie bo-oor sonde seën nie. Jy moet dit eers regmaak. Dis reg.

29 Nou, en in daardie wat daar uitgegaan het (Broer Roberts), het hy vir my gesê, gesê: "Net soos jy gelei word."

30 Toe het hy my neergesit by Durban, Suid-Afrika, waar ons 'n honderdduisend mense in die diens gehad het, die laaste byeenkoms. Het dertigduisend bekeerlinge in een dag gehad, toe hulle gesien het wat die Here gedoen het, hoe Hy die groot, magtige werke gedoen het. En daar, toe, het ek weer daar gesit, hy het my nog 'n skare gewys net soos daardie, daardie skare gewys wat verbygaan.

31 Toe het hy my *hier*natoe gedraai, en 'n Engel het afgekom met 'n lig, dit aangeskakel. Ek het net oseane mense gesien, en hulle was Indiërs toegedraai in Indiese klere. Hy het vir my gesê, gesê. . . En ek het die Engel baie naby sien kom. En ek het gesê: "Wie is hierdie mense?"

32 En hy, die ander Engel wat langs my gestaan het, die een wat julle daaragter in die foto sien, wel, hy—hy het naby my gekom, hy het gesê: "Daar's driehonderdduisend van hulle in daardie diens."

33 Nou, merk julle dit in julle Bybel, en kyk wat die verslag is. Wanneer ek terugkeer van Indië af, sal daar driehonderdduisend mense wees wat die diens daar bywoon op een slag. Ek soek na 'n honderdduisend bekerings op een slag. Sien? Dis die enigste ding wat nou die gety van Kommunisme sal keer, wanneer veertig persent van Indië alreeds Kommunisties geword het.

34 Kyk, as die kerk, (ek sê dit met respek) as die kerk niks meer as lees, skryf, en rekenkunde, en die psigiese kant van die Evangelie kan voortbring nie, is die Indiërs gedaan. Die Indiërs, soos die inboorlinge van Afrika, moet die krag van God in demonstrasie sien. Sien, het sendelinge soontoe gestuur vir vyftig jaar, in Afrika. En toe die veronderstel-om-te-wees Christene gekom het, het hulle klein modderafgodjie onder hulle arm gedra, wel, die sendeling het vir hulle gesê. . . Wel, oor genesing, hulle het genesing by die afgod gekry, (nie deur die afgod nie) deur God, God het hulle onkunde oorgesien. Maar toe dit 'n punt bereik het waar hulle genees moes word, het die sendeling gesê: "O, daardie dinge, hulle dae is verby. Ons het dit in die kweekskool gehad. Sien, dis alreeds verby. Daar is glad nie so-iets nie." Wel, hy het sy afgod vir genesing gedra.

35 Ek het vir hom gesê dat die einste God waarvan die sendeling gepraat het, die Hoof van alle genesing was, en dit aan hulle bewys op die platvorm, toe het hulle Christus aanvaar en uitgegaan in die oerwoude en daar. Een van die kêrels daarbuite, wat uitgegaan het, doop gemiddeld eenduisend per week, net nou, inboorling self. Dis sendeling. God doen 'n baie vinnige werk.

36 Hoeveel luister na *Die Vlerke Van Genesing,* Doktor Wyatt en hulle; en 'n boesemvriend van my, Raymond Hoekstra? Natuurlik, hy het net hier by die tabernakel gepreek, Raymond Hoekstra. Hy het opgegaan na Oos Indië toe, daarbo, en 'n

herlewing gehou, en het duisende bekeerlinge daarbo gehad. Sien wat God doen? O, o, kyk, daar's. . .

37 Laat ek vra, dit sê. Laat ek vir julle 'n illustrasie gee. Hier, *hier's* een sfeer, *hier's* nog 'n sfeer, en *hier's* nog een. Nou, *hier*onder is die nominale kerk; nou *hier*bo in, hier is die verhewe, hier is waar ons veronderstel is om te wees, reg langs die Hemel, waar die Kragte van God afdrup. Goed, Dit val *hier*op, val deur ondertoe na *hierdie* een, dan ondertoe deur na *hierdie* een. *Hierdie* is die nominale kerk, dit gaan net aan, net op koue belydenisse en—en 'n ritualistiese affêre, dit is die nominale kerk, hulle kry net die baie klein druppeltjies; die volgende kerk, *hier*bo, Volle Evangelie, kry van die seëninge, maar hulle gaan af in ismes in; as ons moet oplig in hierdie volgende sfeer *hier* voor ons ooit 'n Wegraping kan hê, presies reg, julle moet opkom Daarin voor ons dit ooit kan hê. En dis waar.

38 Nou, en julle—julle merk dit in julle Bybel. Hy het my nog nooit enigiets vertel, nog nooit vandat ek 'n baba was nie, en daardie Vuurkolom. . . En my eie ma wat nou daaragter sit, wat vyftien jaar oud was toe ek gebore is, sy het die venstertjie oopgemaak, en die Engel van die Here het ingekom en daar gestaan. Dit, van toe af, vandat ek kan onthou, het hy my nooit een ding vertel wat verkeerd is nie. En hier is ek in die stad net waar ek gebore en grootgeword het. Sommige van julle, vreemdelinge, soek rond deur die stad, en vra enige persone of daar ooit een ding gesê is in die Naam van die Here wat nie gebeur het net presies soos Dit gesê het nie. So ek weet Dis alles reg, sien, Dis God.

39 Nou, en aan die einde daarvan, einde van daardie visioen, het ek my Bybel na my toe sien kom, en Dit het geblaai na Josua 1. En dit was die heeltyd voor my. O, net, ek kan nie wegkom daarvan nie.

40 En vanaand wil ek dit lees, want dit neem die kinders van Israel oor; Josua, die groot leier. Dan sal ons teruggaan in Númeri en ons les optel, en uitkom daarmee binne die volgende twintig of dertig minute, of so-iets. Ons sal die doopdiens hê, en dat ons haar maak. . . julle kan gereedmaak daarvoor.

41 Nou luister goed soos ons Josua 1 lees. Na die dood van Moses, dis waar ons dit gisteraand gelos het. Is dit reg? Moses, waar het ons Moses gelos? Wat staan op die heuwel, totsiens waai vir sy mense. En hy sou sterf, terwyl hy daar gelê het. En hy het gekyk, en hier het die Rots langs hom gestaan. Hy het net oorgestap op die Rots, en die Engele het gekom, hom weggedra.

> Goed, *na die dood van Moses die kneg van die* HERE *het die* HERE *met Josua, die seun van Nun, die dienaar van Moses, gespreek,. . .*

*my kneg Moses is dood; maak jou dan nou klaar, trek deur hierdie Jordaan, jy, en* die *hele volk,* in *die land* in *wat Ek* vir *hulle, die kinders van Israel,* sal *gee.*

*Elke plek . . . waar julle voet*sole *op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek* met *Moses gespreek het.*

*Van die woestyn en* tot by *hierdie Libanon* tot *by die groot . . . Eufraatrivier, die hele* lande *van die Hetiete,* selfs tot *by die groot see* na *die ondergang van die son, sal julle grondgebied wees.*

*Niemand sal* wees wat *voor jou standhou al die dae van jou lewe nie: soos Ek met Moses gewees het, so* sal Ek *met jou wees:* Ek sal jou *nie* verlaat of *jou begewe nie,* of, *jou begewe,* of *jou verlaat nie.*

*Wees sterk en vol moed: want* jy sal *hierdie volk die land laat erwe, wat Ek hulle vaders met 'n eed belowe het om* vir *hulle te gee.*

*Wees net . . . sterk en vol moed, om nougeset . . . handel volgens die hele wet wat* my Moses *dienskeg vir jou beveel het: wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel,* oral waar *jy mag gaan.*

*Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar jy* moet *dit dag en nag bepeins, sodat jy nougeset kan wandel volgens alles wat daarin geskryf staan: want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, . . . dan* sal *jy met goeie gevolg handel.*

*Het Ek jou nie beveel nie? Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees of verskrik . . . nie: want die* HERE *jou God is met jou,* oral waar *jy mag gaan.*

42 Nou, ons sal nou teruggaan in die Boek van Númeri, en optel waar ons gisteraand opgehou het.

43 Nou wil ek julle onverdeelde aandag hê, net vir 'n paar minute, want julle is ingeprop. En baie wat staan, ensovoorts, en ons is jammer hieroor, maar ons kan dit nie help nie, tabernakel is nie groter nie. Nou het ons Moses gelos . . .

44 Die kinders van Israel het opgekom uit Egipte. Hulle het in die wildernis ingegaan, begin murmureer. God het giftige slange onder hulle ingestuur en hulle gepik, hulle het gesterf, by die duisende. En toe het Hy 'n versoening gemaak, 'n koperslang. O, hoe pragtig! Daardie *koperslang*, wat spreek van oordeel: "Goddelike oordeel, en sonde wat alreeds veroordeel is." Génesis 3:14, het God alreeds die slang veroordeel. En dan in Eksodus 17, vind ons dat koper spreek van Goddelike oordeel, die koperaltaar. Dan, ook, in die dae van Elía, het ons uitgevind dat die hemele koper was. Koper is altyd 'n simbool van Goddelike oordeel.

45 Vanaand, word die nasies koper; simbool, oordeel voor die deur. Ek glo ons lewe in die afsluiting van die wêreld se geskiedenis. Ek glo dat Goddelike oordeel oor die nasies is, en God hierdie dinge toegelaat het. Omdat ons Christus versaak het, dis waarom Kommunisme deur die lande getrek het. Ons het duisende varke geneem en hulle doodgemaak, en hulle verbrand hierbuite op die prêries. Ons kon nie die nou, smalle weg bewandel nie. Ons het whisky en bier teruggebring. Ons het die koring uitgebrand, dit onder geploeg. Katoen oorgegooi; en honderde kindertjies het amper doodgevries, binne 'n jaar. Goed, ons het dit nou, Kommunisme het reguit ingekom en die voete daaronder uitgeslaan.

46 Geen wonder Christendom kan nie eens 'n standaard oprig nie, dis omdat, nie omdat Christus nie in staat is nie, maar omdat mense dit nie wil doen nie. Die Boodskap is gereed, die Krag van God is voldoende. Mans en vroue is bang om daar uit te breek in daardie sfere voor God in, en te waag om Hom te vertrou, Sy Woord te vat.

47 Moses, toe het hy God gefaal. Moses is 'n volmaakte tipe van die kerkorganisasie. Dis, verskoon dit, broers, maar ek wil hê julle moet goed luister. Al daardie dinge was 'n skaduwee en tipe.

48 En vandag hoor jy mense sê: "O, ek behoort aan die *So-en-so*. Ek behoort aan die Metodiste." Nie net dit nie, maar Pinkstermense, heiligheidsmense: "Ek behoort aan die Gemeentes, hulle is die grootste! Ek behoort aan die Kerk van God." God gee nie *soveel* om vir enigeen van hulle, of enige van hulle nie. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] Nee, meneer. God is geïnteresseerd in 'n individu, en enige man of vrou wat waag om Hom te vertrou.

49 Moses was 'n tipe van die kerkorganisasie, wat, hy was die wet. En Moses het homself verheerlik voor die volk, in plaas van om God te verheerlik. En God het van hom af weggedraai.

50 En vandag het die kerk hulleself begin verheerlik in plaas van om God te verheerlik. Hulle probeer meer lidmate kry, beter kerke, beter orrels en beter banke, en 'n groter kerk. God gee nie *soveel* daarvoor om nie. [Broer Branham klap sy vingers—Red.] Julle behoort God te verheerlik. Ek sal liewer 'n ou klein sendingstasietjie iewers wil hê, wat skoongemaak is, onder in die Bowery iewers, waar hulle regtig vry kon wees en skree, en God prys en 'n lekker tyd hê, as al die groot katedrale in die wêreld. Amen. Dis reg. God is klaar met die kerktydperke.

51 Nou let op, Hy het Moses veroordeel omdat Moses homself verheerlik het.

52 En hou julle net dop vandag. Hierdie groot kerke, hulle wil almal hê julle moet na hulle kerk en hulle organisasie toe kom. En elke prediker wat trek om 'n veer in sy hoed te probeer kry, hy sal aangaan, sê: "Wel, ek kan 'n distrikspresbiter wees. Ek kan

*dit*, *dat*, of die *ander* wees.” Broer, ek wil ’n Christen wees. Dis wat mans en vroue nodig het, is Christus. O, wanneer ek hulle begin sien, sien wat hulle doen!

53 Dit herinner my hier nie lank gelede nie, was ek op ’n—’n vakansietjie nadat ek teruggekom het van Afrika af, ek was hierbo in die Noordelike woude, ver hierbo op die Alaskagrens, ’n duisend myl van ’n hardepad af. Ses dae agter ingegaan, op perde, ver weggekom van alles af. En soos ek daar agterdeur gegaan het, het ek aangery op my perd, eendag, en hy het net bang geword. ’n Grysbeer het net opgestaan, en hy het bang geword. En ek het onder deurgegaan, of hy het begin hardloop, en ons het daaronder deurgekom. En daar was ’n ou afgebrande deel, en daar was ’n yslike groot klomp groot ou hoë bome wat daar gestaan het. En hulle was wit, daar in die maanlig, o, net so statig en sterk soos hulle gelyk het. Al die lewe het uit hulle uitgegaan. En ek het geluister na die winde wat huil, en die winde het afgekom daardeur, net geklaag, julle weet, en al wat daardie ou bome sou doen, is net kreun en skree, en kreun en skree.

54 Oorkant in Joël, het Dit gesê: “Wat die afknyper laat oorbly het, het die kaalvreter verslind; wat die kaalvreter laat oorbly het, het die erdwurm verslind.” Daardie kerke, o, sonder twyfel, net soos daardie bome, was hulle eers groot, lewendige standbeelde, die Metodis, die Baptis, die Presbiteriaan, die Pinkster. Maar ek sê julle, die vure en verskroeiings van—van hierdie wêreld het al die bas van hulle afgeskroei, hulle staan nou soos ’n groot klomp grafstene, en net daarbo opgerig, glad nie enige Lewe in hulle nie. Amen. Dis reg. En wanneer die geweldige Rukwind uit die Hemel afkom, is die enigste ding wat hulle doen, net kreun en skree, en kla, en praat daarteen. Halleluja! Wat ons nodig het, is iemand om dit te aanvaar!

55 En ek het opgelet daaronder, daardie jong bome wat opgekom het, hulle was buigbaar, hulle het net meegegee saam met die wind, heen-en-weer gespeel soos *hierdie*, ’n lekker tyd gehad. Ek het gesê: “Dit laat my dink aan ’n goeie, outydse, God-gestuurde, Heilige Gees herlewing.” Halleluja!

56 Wanneer tekens en wonders in die kerk begin inkom, kla die ou groot kerke: “Ek glo nie in daardie goed nie. Dis fanatisme. Die dae van wonderwerke is verby.” En die Wind wat reguit affluit, dieselfde een wat hulle laat kla het, laat die ander speel. Halleluja!

57 En wanneer jy daardie boom geskud het, elke keer wat dit geskud word, maak dit die wortels los sodat dit kan ondertoe groei en ’n beter houvas kry. Halleluja! Dis wat ons vanaand nodig het, is ’n goeie, outydse, Heilige Gees skudding, om af te kom (Prys God!), ’n outydse houvas op God te kry. Al die skud en trek wat die Heilige Gees jou gee, maak Hy die grond los om die wortels, sodat Hy kan ondertoe grawe, ’n beter houvas

kry, gewortel en gegrond wees in Christus Jesus, met 'n paar ondervindings: ondervinding van genesing; ondervinding van die doop, die Heilige Gees; ondervinding van die gawes van die Gees. Halleluja! Anker jou net in Christus, sterker dit waai!

58 Laat die kerk kreun en kerm as sy wil. Laat haar sê: "Die dae van wonderwerke is verby," as hulle wil. Hulle is dood, in elk geval. O, sê hulle: "Ons is 'n kerk!" So was daardie, bome ook.

59 Maar, kyk na hulle. Geen bas aan hulle nie, net afgedop, al die bas klaar afgebrand. Hulle kon nie die lewe opdra nie, dis hoekom. As daardie bome bas aan hulle gehad het, en hulle kon die lewe na hulle toe opdra, sou hulle weer lewe. Maar al die bas, hulle het klaar daar uitgegaan en hulle rituele ensovoorts gemaak, so hulle kan nie eens enige bas aan hulle hê nie, niks behalwe net 'n kreun en skree wanneer die winde waai nie.

60 Maar God het net in elk geval die Wind gestuur. So, hierdie klein kerkie wat opkom, klein handjievol, hulle het net 'n lekker tyd Daarmee gehad, terwyl die res van hulle aangegaan het daaroor. O, goeiste! Ons het God se krag in die kerk nodig!

61 Nou, toe hulle vertrek, Moses wat gesterf het, het hulle begin gaan na die beloofde land. Moet nou opskud, want ons het nie te veel tyd nie.

62 Maar hulle het begin gaan na die beloofde land, wie het in hulle pad gekom? Maar eendag was daar 'n ou koning wat baie ontsteld geraak het oor hierdie klomp Hebreërs wat daar deurgekom het. En hulle het geweet dat God met hulle was. So hy het gegaan en 'n profeet gekry om hulle te kom vervloek, met die naam van Balak. En ou Bileam het 'n. . .Balak het 'n profeet gehad met die naam van Bileam. En Bileam het op 'n ou muiltjie geklim, nadat Hy (God) hom klaar gesê het om nie te gaan nie. En, julle weet, hy het begin afgaan, op sy muil gery, saam met 'n paar diensknegte. Hy het gegaan om Israel te vervloek. "Sekerlik, ek sal daardie klomp holy-rollers gaan uitsorteer vir jou. Ek sal hulle regsien." So hy het op die muil geklim en daar het hy getrek, reg daar onder deur. Voor jy jou kom kry. . .

63 Die muil het meer geestelike sig gehad as wat die prediker gehad het. Dis reg. Die muil het die Heilige Gees in die pad sien staan, met 'n ontblote swaard. Hy het uitgehardloop in die veld, die ou prediker se voet seergemaak. Broer, wat ons vandag nodig het, is nog 'n paar muilritte. Glo julle nie so nie? Dis reg. Ja, daar het hy gekom. Hy het uitgehardloop in die veld, hy het die Engel van die Here in die pad sien staan.

64 En so die volgende keer, het Hy (die Heilige, Heilige Gees) oorgegaan in 'n klein nou paadjie, en weer daar gestaan. En toe voor jy jou kom kry, die ou muil begin aanspoor en hom probeer verbykry, en die muil het net gaan lê. Hy het hom begin skop, en

hom met ’n stok geslaan, en die muil het omgedraai en met ’n mens se stem gepraat, en gesê: “Het ek jou nie goed gedien in al hierdie dinge nie?” En die profeet was steeds so mal, het nooit eens opgelet wat die muil gesê het nie. O, goeiste!

65 As God die tong van ’n stomme muil kan gebruik, om te praat, kan Hy tog sekerlik ’n man of ’n vrou gebruik wat homself aan God sal oorgee. Halleluja!

66 En nou, toe die eerste ding, het die skille van die prediker se oë afgeval, en het hy soontoe gekyk en gesien wat die probleem was. Daar het die Heilige Gees, of die Engel van die Here, in die pad gestaan.

67 Hy het verder gegaan, en hy het gedink dat hy sekerlik daardie mense sou vervloek. So toe hy gegaan het, vind ons ’n goeie prentjie daarvan hier in Judas, as ons net sal omblaai. Luister. Toe hy daaronder gekom het, het hy gesê . . . Nou hou vir Bileam dop. En Balak gaan Israel vir Bileam wys, so hy gaan en bou sy altaar. Hy was ’n profeet, Bileam was. So hy het hom net ’n deel van Israel gewys, net die slegste deel.

68 En dis net presies hoe die duiwel vandag maak, hy wys jou net die slegste deel van die ding. Dis wat die duiwel party van hierdie moderne predikers van teologie wys, net sê: “Nou, kyk hier, jy weet John Doe, wat altyd hier oorkant gewoon het, hy het weggeloop met *So-en-so* se vrou. Ons het genoeg gehad van daardie klomp holy-rollers.” Hy het nie gedink aan party in sy eie organisasie wat dieselfde ding gedoen het nie. Dis reg. Maar hulle kan dit toesmeer.

69 Maar, luister, hy het hom net *so*veel van Israel gewys, toe het hy hom agtertoe geneem en hom soveel *hier* gewys. Maar toe hy by ’n plek gekom het, en Bileam, het hy gedink: “Sekerlik as Israel verkeerd gedoen het . . . ” Hulle het verkeerd gedoen. Hulle het amper alles in God se kalender, verkeerd, gedoen. Maar wat, en Bileam het gedink dat ’n heilige God sekerlik ’n volk sou vervloek wat soveel verkeerd gedoen het. Hy het gedink: “Sekerlik sal God dit doen.” So toe hy daaronder gekom het, was hy so geld-mal dat hy nie kon sien wat die rede is waarom God hulle nie vervloek het nie. En elke keer wat hy hulle sou probeer vervloek, sou hy hulle seën. Hy sou sy profesie uitgooi soos daardie, en uitgaan en sy mantel en sy gelykenis opneem; en in plaas van vervloek, sou dit ’n seën wees wat op hulle val: “Hoe regverdig is jou tente, O Israel,” hoe goed hulle was. In plaas van te vervloek, was dit ’n seën.

70 Wat Bileam nie gesien het nie, is wat die moderne predikers en moderne mense nie vandag in die Heilige Gees Kerk sien nie. Hulle sê: “Ek weet baie van hulle noem hulleself *dit*, *dat*, en die *ander*, en baie goed wat hulle gedoen het.” Ek sal dit erken, broer. Hulle sê: “Hulle raak kwaad *hier*oor, en hulle het *daardie* gedoen,

en *hierdie* gedoen." Dis waar, ek sal erken dat hulle verkeerd gedoen het.

71 Maar wat Bileam nie gesien het nie, was daardie Koperslang en daardie geslaande Rots wat voor Israel uitgegaan en versoening gemaak het. Dit was God se roeping, God se uitverkiesing. Hulle was God se volk. Halleluja! God het hulle geroep en hulle afgesonder, en 'n Slang voor hulle gesit (as 'n versoening) en 'n geslaande Rots, en Bileam het Dit nie gesien nie. In die dag wat die moderne prediker nie die krag van die Heilige Gees, die geslaande Jesus Christus, sien nie, dat ons in Sy Liggaam is, deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam en word lede van daardie Liggaam. En dis wat die moderne man nie daarin gesien het nie. Wat voor daardie Heilige Gees kerk aanbeweeg, dit sien hulle nie, daardie geslaande Rots, daardie Koperslang wat voor die kerk uitgegaan het, 'n versoening gemaak het nie. Bileam het Dit nie gesien nie.

72 Toe, toe Josua aan die einde gekom het, het Josua Moses se plek ingeneem. Josua was die heeltyd in die kamp. Hy en Kaleb was die enigste twee wat destyds daar aan die begin, begin het, wat oorgegaan het. Nou het die hele geslag uitgesterf as gevolg van ongeloof. God het 'n nuwe geslag begin, Hy het Josua begin as die leier, hy en Kaleb.

73 Nou let op, omdat die kerk gefaal het. Die ding wat die heeltyd in die kerk was, tog nie herken nie, die gawes van die Gees, die manifestasie van die Gees, is wat die kerk nou optel en aanbeweeg.

74 Kyk in die ou dae destyds daar, het hulle, het hulle hulle tente opgeslaan. Daar was 'n Vuurkolom wat hulle gelei het. En elke keer wat daardie Vuurkolom beweeg het, het hulle Daarmee saambeweeg. Dit het bo die tente gebly. En as dit tienuur in die aand was, twee-uur in die middag, het daar 'n duisend basuine gelyk geblaas; elke Israeliet het sy tent opgeslaan, sy penne uitgetrek, en alles opgevou, en hulle het die Vuurkolom gevolg.

75 O, dit sou vandag 'n goeie ding wees! Hulle het die Vuurkolom gevolg. En dan waar die Vuurkolom gestop het, het hulle onder gebou. Die kerk het dit verloor.

76 In die dae van Martin Luther, na vyf. . .vyftienhonderd jaar van donker eeue, het Martin Luther die Vuurkolom sien beweeg, en hy het uit die Katolieke Kerk uitgekom, en hy het die Vuurkolom gevolg en tienduisende van hulle uitgebring.

77 En toe het Martin Luther gebou onder die Vuurkolom. En toe hy daaronder gekom het, voor jy jou kom kry, het hy 'n groot organisasie gemaak met die naam van die Lutherse kerk. Maar eendag het die Vuurkolom weer begin beweeg, maar Martin Luther kon nie beweeg nie, want hy was georganiseer. Hy moes daar bly. Dis reg.

78 En 'n kêreltjie oorkant in Engeland, met die naam van John Wesley, het Dit gesien. (En Martin Luther het gesê: "Die regverdige sal deur die geloof lewe.") En nou, en John Wesley het gesê dat: "Jesus buite die poorte gely het, dat Hy die volk met Sy Eie Bloed kon heilig." Hy het heiligmaking gesien. Die Vuurkolom het uitbeweeg, maar Luther kon nie beweeg nie, want hy was georganiseer.

79 Laat ek dit vir jou sê, broer. God, in Sy Bybel, het nooit 'n georganiseerde kerk gehad nie. Dis Doktrine. Die Katolieke kerk sê hulle is "die moederkerk." Hulle *is* die moederkerk. Hulle is die moeder van organisasies, en Openbaring 17 sê dieselfde ding. Dis reg. Hulle is die eerste georganiseerde kerk. En hierdie is net klein—klein dogtertjies wat daarvan afgeval het, lees Openbaring 17. Ons sal volgende week daarop ingaan. Goed, let op.

80 Toe kon hulle nie beweeg nie, so John Wesley het die Vuurkolom gesien en hy het agter Dit aanbeweeg. En hy het getrek 'n groot. . . Hy het die nasies gered. Omtrent drie of vier nasies was in morele verval, en John Wesley het die Vuurkolom gesien en die Wesleyaanse herlewing begin wat om die wêreld gegaan en hiernatoe gekom het, hy en Asbury en hulle, en die hele ding gered. Dis reg.

81 En toe, voor jy jou kom kry, het John Wesley so streng georganiseer, die Vuurkolom het weer begin beweeg. Wesley kon nie beweeg nie, want hy was georganiseer. En die Pinkstermense het Dit gesien, en hulle het weggegaan. Dis reg, het Wesley in die skaduwee laat sit; God het hom op die rak gesit saam met Luther. Goed. Nou, voor jy jou kom kry, het hulle 'n groot herlewing gehad, 'n Pinksterherlewing, herstel van die gawes ensovoorts.

82 En nou, voor jy jou kom kry, het die Vuurkolom weer begin beweeg. Maar Pinkster is so georganiseerd, dit kan nie gaan nie. Broer, dit het seergemaak, het dit nie. En dis goed. Dis so georganiseer, gekristalliseer dat dit nie kan beweeg nie. Dis reg. Dis waar. Maar die Vuurkolom is aan die uitbeweeg, broer, en daar's mense wat Daarmee saamgaan. Halleluja! Ons is op pad na die beloofde Land! Ja, meneer.

83 Toe Moses misluk het, het Josua daardie Vuurkolom sien beweeg, gesê: "Komaan, kinders, ons is op ons pad." Hy het hulle soontoe gebring tot langs die Jordaan. O, as ek daaraan dink, hoe pragtig! Hy het gesê: "Nou, voor ons oorgaan, sal ons 'n paar spioene laat slim. . . oorswem."

84 Julle ken die geval van hoer, die Ragab, Ragab, die hoer, liewer, hoe sy die rooi klere laat sak het, en haar huis gered het. Deur geloof, het sy die hele ding gered, het sy haar en haar huisgesin gered. Al die mure het geval behalwe haar deel, want daar was 'n rooi streep op haar deur.

85 Soos ons nou die aand die doodsengel gehad het, wat deurkom. Is daar 'n rooi streep op jou deur voor hierdie groot skudding kom? Hy het gesê: "Ek sal nie weer die aarde skud nie, maar Ek sal die hemele skud. En ons ontvang 'n krag van 'n Koninkryk wat nie geskud kan word nie," Hebreërs. Dis reg. Ons lewe in daardie uur! Nou kyk.

86 Ek sien Josua, die jong leier. God ontmoet hom, Hy het gesê: "Jy moenie nou bang word nie. My dienskneg Moses is dood, maar staan op en gaan oor hierdie Jordaan. Niemand sal, al die dae van jou lewe, in staat wees om voor jou te staan nie. Soos Ek met Moses was, so sal Ek ook met jou wees. Moenie bang wees nie, wees sterk en baie dapper." Goeiste, ek kan daardie ou soldaat daar sien rondloop, nederige kêreltjie. Hy was in . . . Hy het die hele Israel bymekaar geroep, en afgekyk oor die Jordaan daar. Dit was in die oesmaand, April. En toe het die sneeu gesmelt in Judéa, en daar het 'n groot rivier afgekom daardeur, wat druis.

87 Ek het, ek het julle gesê ons het 'n film daarvan waar party van ons broers onlangs hier was, en hulle het 'n diens gehou daarbinne, of net verbygegaan, maak gereed, ek gaan soontoe vir 'n diens. En daar was omtrent veertig van hulle. En hulle het by daardie plek gekom, en hulle het geskree en amper al die bosse daarrond afgebreek. En toe hulle daarbo kom, waar Jesus gedoop is daarbo saam met Johannes, het elkeen van hulle begin skree, in die water gespring en weer mekaar gedoop. Sekerlik, iets wat net—net—net 'n man se siel verkwik wanneer hy daaraan dink!

88 Ou Buddy Robinson, toe hy daar oorkant was. Party van julle Nasaréners behoort dit te begryp. Hy het gery in 'n ou Model T Ford, op hierdie selfde reis wat die kinders van Israel gevolg het. Hy het gesê: "Prys God! Stop die ding, ek kan dit nie meer uithou nie!" Net daar, het hy uitgekim, en om, om, om die motor het hy gegaan, en geskree so hard as wat hy kon. So hy het ingekom, gesê: "Skakel weer die ding aan, laat ons gaan."

89 Iets daaraan! Halleluja! Wat is dit? Daar's 'n diepte *hier*binne wat uitroep na 'n Diepte. Broer, ek glo wanneer die *diepte* hierbinne roep, is daar 'n Diepte daarbuite om daarop te antwoord. Solank daar nou 'n honger in 'n mens se hart is, om uit te beweeg en iets vir God te doen, wys dit dat daar iets is wat afdruk, wat afkom na ons toe. Ons is naby die ding, broer. Luister vanaand! Ek glo dit, in die Naam van die Here, dat die dinge wat ons gedoen het baie klein dingetjies is teenoor wat God nou gereedmaak om te doen. Julle gaan van groot dinge hoor.

90 Ek het Josua nou gesien, hy staan daar. Hoe gaan hy oor die rivier kom? Kyk na hulle. Nou, hulle het geen boë, groot, groot brugbouers, staal en materiaal, of houte om brûe mee te bou, gehad in daardie dae nie. Hulle het hulle nie by hulle gehad nie. Maar Josua het uitgekyk oor die modderige Jordaan, hy

het agtertoe gekyk en hy hierdie duisende en tienduisende Jode gesien, hy het gesê: “God sal ’n weg maak!” God het hulle belowe.

91 En as God belowe, sal God Sy Woord hou. As God belowe het om jou te genees, sal Hy dit doen. As God belowe het om jou die Heilige Gees te gee, sal Hy dit doen. Kom julle net en word . . . bekeer julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, en glo Hom, en kyk wat gebeur. Dis reg, jy sal gevul word met die Heilige Gees! God het ’n verpligting teenoor Sy Woord. Hy kan nie Sy Woord terugtrek nie. Hy moet Sy Woord hou, om God te kan wees. Hy moet.

92 Nou let vir Josua op wat daar gestaan het, oral rondgekyk het. O, goeiste!

93 Ons gaan ook daar staan, een van hierdie dae. Ons gaan aan die einde van die pad staan, wanneer daar in modderige Jordaan . . . Jy is gesond vanaand, vriend, daar mag niks verkeerd wees met jou nie. Maar een van hierdie dae sal die dokter in jou kamer wees, en sê: “Daar’s niks anders wat gedoen kan word nie.” Daardie pols sal in die mou opglip. Daardie jong dae is verby. Iets het getref. Die dokter sê: “Daar’s niks wat gedoen kan word nie. Jammer. Sy’s ’n jong vrou,” jong seun, oud of jonk, wat dit ook al is: “maar daar’s niks wat gedoen kan word nie.” As jy uit die kamer uitstap, sal jy die koue dampe van die dood voel afsweef in die kamer, daardie ou Jordaan sal modderig en rof lyk. O, goeiste!

94 Dan sal jy wees soos Josua, hy het gekyk, daaragter oorkant op die heuwel het gestaan, en daar was die Verbondsark, die Tussenganger. Hy het Iets gehad wat tussen hom en hulle probleme sou ingaan.

95 En, vanaand, het ons die Ark, Christus Jesus, Wat tussen ons en die dood staan. Een van hierdie dae wanneer die laaste asem ons liggaam verlaat, wil Ek afhardloop na die rivier, en sê: “Gee pad, Jordaan, ek gaan oor om my Here te sien.” Ek glo die Môrester sal uitkom, af deur die valleie van die skaduwee van die dood, die pad verlig, en die Heilige Gees sal twee glansende vlerke oor die Jordaan uitstrek en ons moeë siele dra na ’n beter Land. Amen. Nou let hierop.

96 Toe, toe Josua gekyk het, het hy die Verbondsark geneem, vir hulle vertel, gesê: “Vergader julleself hierbuite, reinig julleself vir môre, en maak gereed, want julle sal die Heerlikheid van God sien.” Toe het hy geweet God was met hom.

97 Toe het hy die priesters geneem, en hulle het God eerste geplaas; die Ark voor die priesters, voor die gemeente, hulle ’n sekere afstand laat wegbly totdat die Ark eers gegaan het.

98 Broer, suster, as jy God eerste sal plaas in alles wat jy doen, sal jy beslis reg uitkom. Plaas God eerste.

99 En hulle het gegaan, die Ark gedra. En toe die priesters se voete in die water gerus het, het God die Jordaan teruggerol. Sy het terugbeweeg. Hy het in 'n Kolom gestaan, en Israel het oorgegaan op droë grond. Hulle laer gebou.

100 Josua het rondgeloop, 'n paar dae later, net die plek deurgekyk. Alles was toe daarbo, want daar het God vrees in hulle geplaas, almal van die Palestinabewoners bo om Jérigo. Josua het aangestap, en hy het gekyk, hy het Iemand gesien. Hy het sy swaard uitgetrek, hy het gesê . . . En hierdie ander Man het Sy swaard uitgetrek. Hy het gesê: "Vir wie is U? Is U vir ons of is U vir ons vyande?"

101 Hy het gesê: "Nee, maar Ek is die Leërowerste van die Here. Trek die skoene aan jou voete uit, want die grond waarop jy staan, is heilige grond." Hy het Jesus daar ontmoet, van aangesig tot aangesig, die Leërowerste van die Here. En Hy het vir hom gesê wat om te doen, om rondom die mure te marsjeer, 'n basuin te blaas, 'n uitroep te gee, en die mure van Jérigo sou val. En hulle het die land van Palestina ingeneem, daar gevestig soos God hulle belowe het, want die belofte van God was vir hulle.

102 Nou, my broer, vanaand is ons op ons pad na die beloofde Land. Binne 'n paar minute sal ons mense hier begrawe in hierdie doopbad, tot die vergewing van hulle sondes, deur te glo aan die Here Jesus. En ek wil dit sê, as jy nie jou roeping en uitverkiesing seker gemaak het, in Christus nie, mag jy dit vanaand maak. Jy nie . . . Jy sê: "Wel, Broer Branham, God wil my nie hê nie, ek is niks werd nie." Ja, jy is.

103 Nie lank gelede nie, het ek gestaan by 'n museum onder in Tennessee, en ek het na verskillende goed gekyk, en ek het die ontleding van 'n menslike liggaam gesien, van 'n man wat vyftig pond sou weeg. Weet julle hoeveel hy was, hoeveel hy werd is? Vier-en-tagtig sent, in chemikalieë, vier-en-tagtig sent. 'n Menslike liggaam wat honderd-en-vyftig pond weeg, vier-en-tagtig sent werd, in chemikalieë. Net omtrent genoeg kalsium om 'n sekere ding te doen, en genoeg kalk om 'n hen se nes te besprinkel, ensovoorts soos daardie, net 'n klein dingetjie wat jy gehad het, vier-en-tagtig sent. Maar jy sal 'n honderd-dollar pelsjas om daardie vier-en-tagtig sent sit, jou neus in die lug opsteek en loop asof jy iemand is, vyftig-dollar hoed bo-op daardie vier-en-tagtig sent. Daar het 'n kêrel daar gestaan, gesê: "Sê, ons is nie veel werd nie, is ons, George?"

104 Ek het omgedraai, ek het gesê: "Maar, man, jou liggaam is nie veel werd nie, maar jy het 'n siel wat tienmiljoen wêrelde werd is. Wat daarvan?" Hy het sy spiere gewys, hoe groot hy was. Ek het gesê: "Wat daarvan?" Die mens hou daarvan om te spog oor wat hulle is.

105 Nie lank gelede nie, buite in die Weste, het ek 'n diens gehou. Ek het saam met 'n ou plaasboer huis toe gegaan vir middagete.

O, en party van sy mense is genees. Hy het vir my ’n tjek daar gegee wat vir my vyf-en-veertig van hierdie tabernakels sou gekoop het, as ek wou. Ek het gesê: “Ek wil nie jou geld hê nie.”

Howard, my broer, wat saam met my was, het gesê: “Bill, hoekom het jy nie daardie tjek gevat nie?”

Ek het gesê: “Ek wil nie sy geld hê nie.” Laat my dag na dag lewe. Nie geld wat ek wil hê nie. Ek’s een wat die Here Jesus dien.

106 Hy het daar gestaan toe daardie vrou genees is daarbuite, die Melikians, in Kalifornië. Julle het dit hier in die Louisville koerant gesien. Toe hulle hiernatoe gekom het, twee van daardie agente, en ’n miljoen, vyfhonderdduisend dollar gebring het, en dit vir my aangebied toe ek in hierdie twee-kamer krotjie gewoon het. Ek het gesê: “Ek wil nie eers daarna kyk nie. Nee, meneer. Nee, meneer.” Die geldgierigheid is die wortel van alle euwels. Bly weg van daardie goed.

Hierdie plaasboer het daar uitgestap, hy het gesê: “Eerwaarde Branham?”

Ek het gesê: “Ja, meneer.”

Hy het gesê: “Sien jy daardie berge daar oorkant?”

Ek het gesê: “Ja, meneer.”

“Hoe ver dink jy is hulle weg?”

Ek het gesê: “Ek weet nie.”

Gesê: “Hulle is tagtig myl.” Gesê: “Ek besit reg tot daar, en ver anderkant dit. Dis my weigrond.”

Ek het gesê: “Goeiste, dis wonderlik.”

107 Hy het gesê: “Ek sien daaronder. Sien daardie stad?” Hy het gesê: “Ek besit die bank in daardie stad; ek besit al daardie grond *daar*rond, en ek besit in *hierdie* rigting.” O, alles wat hy besit het!

108 Gestop, in sy klein stasiewaentjie. Ek het na hom gekyk, baie gawe man. Ek het my hand op sy skouer gelê, ek het gesê: “Broer, ek wil vir jou ’n vraag vra.”

Hy het gesê: “Goed.”

Ek het gesê: “Kyk reguit op in *Hierdie* rigting. Hoeveel besit jy bo in *Daardie* rigting?” Sien?

Hy het gesê: “Broer Branham, ek is bevrees ek besit niks nie.”

109 Ek het gesê: “Dis waar my skatte nou lê. Ek het niks hieronder nie. ‘Of ek ’n tent of ’n kothuisie besit, waarom sou ek omgee? Hulle bou ’n paleis vir my daar oorkant! Van robyne en diamante, en silwer en goud, Sy tasse is vol en het onverklaarbare rykdom.’” Ja, meneer. Dis waar die rykdom lê, Daarbo. En waar jou skatte is, daar is jou hart ook.

110 Hulle het eenkeer ’n liefdesoffer opgeneem vir Gypsy Smith. En toe hulle agter in die agterkant van die gebou ingegaan het, om uit te gaan daardie aand, was daar ’n arme verslenterde

dogtertjie wat daar gestaan het. Sy was heel. . . Haar klere was alles van haar afgeskeur. Sy het iets gehad, sy het gesê sy wou vir Mnr. Smith sien. So Gypsy Smith het gesê: "Wat wil jy hê, skat?"

111 Gesê: "Mnr. Smith, ek het nie enige geld gehad om vir jou te gee nie, maar," gesê: "omtrent 'n maand gelede was dit Kersfees, en iemand het vir my 'n stokkielekker gegee. En ek is so lief vir jou, Mnr. Smith!" Gesê: "My pappa is gered, hy's nou nie meer 'n dronklap nie." Gesê: "Ek het gedink ek sal vir jou hierdie stokkielekker bring."

112 Mnr. Smith het dit in sy hand geneem, trane het teen sy wange afgerol. Haar hand gestreel, hy het gesê: "Skat, in my offerhande lê vanaand soveel soos duisende dollar in tjeks, maar hierdie is die grootste gawe wat ek het van dit alles. Dit kom uit jou klein nederige hartjie." O, goeiste!

113 Wat julle vanaand het, vriende, julle is in elk geval niks. Waarom gee jy nie alles wat jy het vir Christus nie? Kom, laat ons oor hierdie Jordaan gaan. Laat ons oorgaan en die land in besit neem. Jy sê: "Wel, broer, jy weet ek het 'n goeie werk in hierdie stad. Ek's. . . Ek behoort aan 'n sekere organisasie in hierdie stad." Wat is jy, in elk geval? Gee wat jy het, oor aan Hom. Kom ons vergader hier om die Jordaan en gaan oor vanaand, gaan oor in die beloofde Land in. Mag die Here julle help. Ek bid dat Hy sal, terwyl ons ons hoofde buig.

114 Wens ek kon 'n bietjie langer preek, maar ek's hees. Dis in die haak. Kom ons buig ons hoofde vir 'n oomblik.

115 Here God, ons staan naby die Jordaan vanaand. Die ou modderige golwe wat daar oorkant spat. Ons weet een van hierdie dae moet ons daarnatoe kom. En ek besef dat daarbuite, voor elkeen van ons, 'n yslike groot swart gat is, groot, diep deur, waar die mens ingaan, wat die dood genoem word. En ek weet elke keer wat my hart klop, is ek een klop nader daaraan. En ek moet daarby kom, Here. En elke man en vrou, seun of meisie hierbinne, moet by daardie plek kom. Hoe ver ons is, weet net U. Maar, Here, ek wil nie daar kom soos 'n lafaard nie, ek wil nie daar kom en skree: "Here, gee my nog 'n paar dae om te bekeer," nie.

116 Ek wil soos 'n held kom. Ek wil kom soos Paulus van ouds, hierdie een ding sê: "Ek ken Hom in die krag van Sy opstanding." Nie deur hand te skud met een of ander prediker nie, nie deur my naam op 'n kerkboek te sit en 'n paar druppels water bo-op my kop te sprinkel nie. Ek wil Hom ken in die krag van Sy opstanding, dat, wanneer Hy my naam roep, ek sal opkom onder die dooies. O God, mag dit die begeerte van elke hart hier wees vanaand.

117 As daar mans en vroue, seuns en dogters hier is, wat U nie ken in die vrye vergifnis van sonde en hulle name geskryf het in die Lam se Boek van die Lewe nie, mag hulle net nou hulle

besluit maak. Skenk dit, Vader. Ons het die mense lief. En U het U dienste oral bevestig. En ons weet dat U hier is.

En ons dink aan Israel wat die Jordaan oorgesteek het. Hoekom? U het dit vir hulle belowe, U het dit vir hulle gegee.

En gee U dit vir ons. Here, mag ons opstaan en ons besittings in besit gaan neem vanaand. Skenk dit, Here.

118 Terwyl ons ons hoofde gebuig het. Ek wonder of daar 'n persoon hierbinne is vanaand wat sou sê: "Broer Branham," opreg uit ons hart: "ek—ek wil oor die Jordaan gaan. Ek wil oorgaan, maar ek is nog nie heeltemal reg nie. Ek is nie geskik om oor te gaan nie. Ek sou haat om die Here te ontmoet in my toestand. Ek gaan my hand opsteek en sê: 'Bid vir my, Broer Branham.' En doen jy dit, sal jy?" Ek sal dit doen. Steek jou hand op. Wie is jy? God seën jou. Goeiste, net hande oral op! Iemand anders steek jou hande op: "Broer Branham, bid vir my." God seën jou. God seën jou, meneer. God seën jou, suster. God seën jou, dametjie. God seën jou, seun. God seën jou, meneer. En julle daaragter. Goed, iemand anders steek julle hande op.

119 Nou kyk, mense, hierdie mag die laaste Evangeliediens wees waarin julle ooit sal wees. Wanneer ek weggaan en terugkom, sê my vrou: "Bill, ken jy vir *So-en-so*?"

"Ja."

"Hulle het gesterf. *Hierdie* een is doodgemaak. *Daardie* een het 'n hartaanval gehad."

"O, jy bedoel dit nie?"

"Ja."

120 "O!" Ek dink: "O, goeiste! Ek onthou ek het eenkeer 'n altaar-oproep gemaak, en ek het daardie man daar sien sit. Ek wou hê hy moes. . . " "Meda," het ek gesê: "weet enigiemand, is hy ooit gered?"

121 "Nee, hy het net skielik gesterf, op pad van die werk af. *Hy* het begin om sy skoene aan te trek, hy het gesterf. *Hy* is dood in 'n ongeluk. *Hy* het nooit uit sy slaap wakker geword nie, hy het een aand bed toe gegaan en nooit wakker geword nie."

Ek dink: "O, goeiste! Ek het vir daardie man gepreek, daardie vrou, jongmense, ook."

122 Nou moenie dinge verkeerd beoordeel nie, vriend. Is jy regtig 'n sondaar vanaand? Nou luister, as jy nie wedergebore is nie, is jy steeds weg van Christus af. Wil jy Hom ontvang? As julle wil, hoeveel van julle wil Hom aanvaar? Ons het nie plek hier, dink ek, vir 'n altaar-oproep hierrond nie. Maar as jy net op jou voete sal staan, en sê: "Broer Branham, deur op te staan, gee ek hierdie getuienis, ek wil Christus net nou aanvaar as my Verlosser. Ek wil wegkom van hierdie ou toestand waarin ek lewe."

123 Sal julle eerlik genoeg wees in julle hart, om op julle voete te staan? Wie sal die eerste een wees om dit te doen, sê: “Ek wil aanvaar”? God seën jou, broer. Daar’s drie mans wat staan, net ’n oomblik. God seën jou, dame. Bly net staan as jy sal, dame, as jy sal. God seën jou. Iemand anders. God seën jou. God seën jou, seun. Iemand anders. God seën jou, meneer. Iemand anders staan op jou voete, sê: “Ek wil Christus net nou aanvaar. Ek wil uit my toestand uitkom.” God seën jou, meneer. Iemand anders. God seën jou met jou hand op, daaragter met die baba. God seën jou, dame. Bly net staan. Iemand anders staan nou net gou op. Wat van hier, en party van julle kindertjies hierbo? Jy, jong dame, God seën jou, suster. God seën jou daar. Bly net staan, as jy sal. God seën jou, dogtertjie. Iemand anders wat Christus wil aanvaar, staan op. Dis reg. God seën jou. God seën jou. Staan op. Iemand anders sê: “Ek wil Christus net nou aanvaar. Ek wil hê jy moet my onthou, Broer Branham, net nou.” Sal julle staan? Wag vir julle. “Ek wil Christus aanvaar.” Weet jy jy’s ’n sondaar, of is die twyfel net . . .?. . .

53-0329 Israel En Die Kerk #5
Branham Tabernakel
Jeffersonville, Indiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org